Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 69
April 2017

**Fil 4:13 "Vir alles in die lewe, die goeie of die slegte, sien ek kans omdat Jesus my bron van krag is."**

Johannes het 'n besige program. Ek neem hom vir perdry, Lyno-terapie, BSR, spraakterapie, Geskiedenis, ortodonsie en elke Woensdag ook Stellenbosch na die studente toe. Al die ander aktiwiteite vind tuis plaas. Dit is party dae moeilik om die huishouding aan die gang te hou en nie tuis te wees om dit te doen nie. Van my kant af kort dit fyn beplanning, maar...**ek sien kans omdat Jesus my bron van krag is.**

Dit gaan baie goed met Johannes en die drie studente: Mia, Melissa en Stephanie. Hulle probeer nuwe aktiwiteite met hom doen sodat hy nie verveeld raak nie. Tans is hulle besig om gewigte aan 'n besemstok te hang sodat Johannes daaraan gewoond kan raak en later self die staaf met die gewigte aan te kan opstoot. Sy bolyf word sodoende lekker sterk. Johannes sien elke Woensdag daarna uit om hulle te sien.

Johannes hou ook van die Duitse lesse. Samantha doen elke Donderdag 'n nuwe tema, bv. die weer, slaap, maande van die jaar ens. Ons skryf kort sinnetjies wat sy dan vir ons in Duits vertaal en oefen om te sê. Ons doel is om Duits te kan praat.

Elke Woensdag gaan hy ook vir spraakterapie by Spescare ('n rehabilitasie-sentrum in die Strand). Jeanne leer vir Johannes om stadiger en duideliker te praat. Partykeer moet hy elke sin ritmies soos saam met 'n metronoom sê. Ons oefen dit ook gereeld tuis – veral as hy saans die tafelgebed moet doen. Hy het al vir Jeanne 'n hele paar nuwe tongknopers en vasvrae geskryf.

Dit gaan goed met al Johannes se vakke. Inligting word slegs ingevoer. Geen eksaminering vind plaas nie. Al lyk Johannes baie keer verveeld (en is gaperig), neem hy definitief in wat die Versorgers hom leer, want hy vra gereeld vrae oor die spesifieke onderwerpe. Baie dankie aan almal wat met ywer en geesdrif deelneem aan hierdie gesondword-program van Johannes.

Hein vorder fluks op universiteit. Sy eerste paar weke was 'n bietjie rof. Eers het hy 'n erge koors ontwikkel wat gepaard gegaan het met keelseer. Toe het hy sy regterknie tydens karate beseer en moes 'n stukkie kraakbeen onder narkose laat verwyder. Daarna moes sy verstandtande uitgehaal word. Alles was suksesvol. Hy het ook die hele vakansie by Asara wynlandgoed, net buite Stellenbosch opleiding ontvang en gewerk. Daar doen hy wynproeë en wynverkope.

<u>Pittige sêgoed uitgedink deur Johannes</u>:

- Sê nou jou rooibloedvlakke is baie <u>hoog</u>, kan jy dan nog praat van 'n bloedVLAK?
- Is tannie Adri (A3) se suster 'n bladsy? (A4)
- Kan 'n mens in TransVAAL ook helder kleure aantrek?
- Kan iemand met BRUIN oë uit die BLOUte kom kuier?
- Kan 'n mens iemand bel oor 'n tiFOON?

- Wat doen jy as dit SLEG gaan by die WELsyn?
- Kan mense wat te arm is en nie 'n ring kan bekostig nie, 'n vaRING gebruik?
- Kan 'n kabeljou SNOEKer speel?
- Moet 'n vis ook oefen? (oeVIN)

Gebedsversoeke:

- Vir algehele fisiese gesondheid en krag vir al 4 die Smitte
- Vir positiwiteit en humor tydens lang dae
- Vir Johannes vir volgehoue entoesiasme vir sy vol program
- Vir Johannes se fisio-loop-program (dat sy bene sterker sal word sodat hy 'n klein bietjie op sy eie kan loop/stap)
- Dat die Here sy oë sal aanraak sodat hy sal kan sien
- Vir Hein vir volharding en deursettingsvermoë

Baie dankie aan almal vir volgehoue gebede. Daarsonder sou ons nie hierdie pad kon stap nie.

**Ps 55:22 "Give your burdens to the Lord, and He will take care of you."**

Mooi wense. En soos die Griekwa-psalm afsluit:
**"Kyk allie pad boentoe**
**Reg in onse Pa se oge."**

Anelé en gesin

# Foto's Vorderingsverslag 69

Johannes en die studente oefen om gewigte op te stoot

Inné en Johannes lek af nadat hulle wortelkoek gebak het



Johannes sit mooi regop op Jack

Die rolstoelbrigade: Elna en Johannes doen Geskiedenis

Elize en Johannes druk wasgoedpennetjies in Johannes se hare

Ek, Hein en Johannes op Seepunt se promenade